**<u>Graad 4</u>** **<u>Junie 2020</u>**

**<u>Vraestel 1</u>** **<u>Afdeling A</u>** **<u>Hardoplees</u>**

# Waarom Volstruis se nek so lank is

Lank gelede het Volstruis 'n normale nek gehad, net soos ander voëls. In daardie dae was Volstruis en Krokodil groot vriende. Maar Krokodil was 'n skelm dier! Hy was nie 'n opregte vriend nie. Hy het net sy kans afgewag.

"So 'n groot, vet volstruis sal darem 'n lekker middagete maak," het hy stil gedink.

Eendag is Krokodil baie honger. Hy het lanklaas 'n bokkie gevang. Al die diere weet dit en bly ver van hom af. Hulle wil beslis nie die volgende prooi van Krokodil wees nie. As Krokodil jou eers gehap het, kan jy maar vergeet om weer uit sy kake te ontsnap.

Maar Volstruis dink: "Krokodil is mos my vriend. Hy sal my nie vang nie!" Hy stap rustig nader na waar Krokodil in die sonnetjie lê en bak.

Krokodil loer vir hom met sluwe skrefiesoë. Toe hy naby is, sê Krokodil vir Volstruis: "My vriend, my tand is vreeslik seer. Ek dink daar sit 'n stukkie vleis daarin vas. Sal jy asseblief kyk of jy dit kan sien en dan haal jy dit sommer vir my uit?" Hy maak sy bek wyd oop.

"Alte seker, my vriend. Ek sal maak of ek jou tandarts is," sê Volstruis vriendelik. Volstruis buk voor hom en steek sy kop tot diep in Krokodil se bek. "Ek sien niks nie. Waar is dit seer?" vra hy daar diep in Krokodil se mond. Hy vermoed nog niks nie.

HAP! Krokodil se bek klap toe. Dit word donker om Volstruis.

Volstruis skrik hom boeglam en probeer sy kop uittrek. Hy is bang en benoud. Maar Krokodil hou so al wat hy kan. Hy begin Volstruis water toe sleep sodat hy hom kan verdrink en dan opeet. Volstruis is 'n groot en sterk voël. Sterker as wat Krokodil besef het. Hy slaan sy pote in die grond en trek so al wat hy werd is. Krokodil trek en trek. Volstruis se nek word al langer en langer. Na 'n lang ruk raak Krokodil moeg en maak sy bek effens oop. Volstruis voel dit en vinnig ruk hy sy kop uit Krokodil se kake. Hy hardloop so vinnig as hy kan daar weg.

Van daardie dag af het Volstruis 'n lang, slap nek en hy bly ver weg van water waar daar krokodille is. Hy is beslis nie van plan om weer in die bek van 'n krokodil te beland nie!

*Almal verstaan Afrikaans*
W Mentz
Macmillan Suid-Afrika (Edms) Bpk, 2012

**<u>Rubriek</u>**

| | |
|---|---|
| Vloeiend lees en pousering: | 1 2 3 4 5 |
| Beklemtoning en stembuiging: | 1 2 3 4 5 |
| Uitspraak en hoorbaarheid: | 1 2 3 4 5 |
| **Totaal:** | **15** |

**Graad 4** **Junie 2020**

**Vraestel 1** **Afdeling B** **Luister en praat**

**Luister na die onderstaande stukkie.**

**Harlekyn, hanswors en nar se lag verdwyn**

Op 'n dag het die grootbaas van al die sirkusse in die wêreld besluit dat geen narre, hansworse of harlekyne meer aan die sirkusvertonings mag deelneem nie. Dit was 'n swaar slag vir Nakkie, die nar, sy maat Hardy Harlekyn en hul leermeester, Hannes Hanswors.

Al drie hierdie grapmakers het in die sirkus grootgeword. Dit was die enigste wêreld wat hulle geken het. Ai, hulle moed het tot in hulle oorgroot skoene gesak. Die sirkusmeesters het beveel dat hulle moes gaan. Die drie het nie eers kans gehad om hul gewone klere aan te trek nie.

Stadig stap hulle deur die dorp. Skielik storm 'n man met 'n wit jas by die deur van 'n groot gebou uit. "Dankie tog! Die kanker-pasiëntjies kan nie meer wag nie. Ek het ongelukkig net een van julle nodig," maak die man verskoning. "Hannes, jy is die oudste en die snaaksste," besluit Nakkie en Hardy. Hulle sê dat hy moet gaan. So het dit gebeur dat Hannes Hanswors by al die hospitale in die omgewing begin optree het om siek kinders se harte te verbly.

Nakkie en Hardy was oortuig dat daar ook vir hulle iewers werk sal wees. Hulle stap verder. Nie lank nie, of hulle sien 'n bos ballonne al wapperende voor 'n huis. Hulle stap nuuskierig nader en hoor 'n klein dogtertjie vra: "Mamma, wanneer kom die narre dan?" Nakkie en Hardy kyk vir mekaar en roep al laggende uit: "Hier is ons!" Hardy begin dadelik wawiele maak en Nakkie vou vinnig 'n paar ballonne in dierevorms. Die kinders hou hulle magies vas soos hulle lag vir die twee se manewales.

Nou ja, so het dit gebeur dat Nakkie en Hardy hulle eie partytjie-klub gestig het. Hulle kan nie voorbly met die besprekings nie. Saans leer hulle groepe kinders hoe om ook narre, hansworse of harlekyne te word.

Die drie grapjasse se glimlagte is nou weer permanent terug.

*Almal verstaan Afrikaans*
R Ferreira, M van den Heever
Macmillan Suid-Afrika (Edms) Bpk, 2012

**Bespreking**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Luister na die opskrif en na paragraaf 1. Hoe hou die twee verband met mekaar ? | /1 |
| 2 | Noem die DRIE karakters. | /3 |
| 3 | Oor watter goeie karaktereienskappe het Nakkie en Hardy beskik? Bespreek. | /2 |
| 4 | Bespreek die ruimte. | /2 |
| 5 | Reken jy dat die sirkusmeesters regverdig teenoor hierdie drie vriende opgetree het? Verskaf die rede vir jou antwoord. | /1 |
| 6 | Wat reken jy kon die oorsaak wees dat die grootbaas van al die sirkusse in die wêreld besluit het dat geen hansworse meer aan sirkusse mag deelneem nie? | /1 |
| 7 | Bespreek die gemoedstoestand van hierdie drie vriende nadat hulle die nuus gekry het dat hulle nie meer aan vertonings mag deelneem nie. | /1 |
| 8 | Luister na die laaste sin. Beskryf die emosie wat die drie harlekyne hier ondervind. | /1 |
| 9 | Watter morele les leer jy uit hierdie luisterteks? | /1 |
| 10 | Verskaf EEN rede waarom enige iemand sy werk kan verloor. Bespreek die gevolge wat dit vir hom en sy huisgesin mag inhou. | /2 |

**Totaal:** **/15**

**Graad 4** **Junie 2020**

**Vraestel 2** **Afdeling A** **Lees en kyk**

**1 Storie: Om die bos gelei**

"Het jy dit gehoor, Stoffel?" My broer se oë is groot. "Daar is dit weer. Oorkant die rivier. Hoor jy dit?"

Ek raak bekommerd. "Wat?" vra ek.

"Sjuut, daar is dit weer! Hoor jy dit?"

"Nee, wat is dit?"

My broer draai sy kop skuins om beter te hoor. Ek hou niks van die klank in sy stem nie. Ek voel hoe die angs my beetpak. "Wat is dit, man"

Ek is nou erg benoud. My broer se oë is verskrik.

"Dis olifante! Kom! Ons moet maak dat ons wegkom." Hy skop sand oor ons braaivleisvuurtjie langs die rivier. Hy gooi ons broodjies en wors in sy rugsak. Met een sprong is hy in die rietbos in.

"Stoffel! Kom! Kom vinnig!"

My knieë is lam van vrees. Ek probeer opstaan, maar val. "Marius, wag vir my, man! Waaag!"

Hy pluk my op en sleep my teen die sandwal uit.

Ek is ses jaar oud en hy is twaalf. In vakansietye is ons gewoonlik al douvoordag in die veld. My ma het vir ons broodrolletjies en 'n stukkie wors om te braai ingepak. Ek sien altyd baie daarna uit om saam met my ouboet na die rivier toe te gaan, hier op ons plaas langs die Elandrivier. Ons was net reg om die wors te braai, toe my broer die olifante hoor.

Nou vlug ons die rante in. Ek voel nie eers die klippe onder my kaal voete nie. My broer los my arm en wip soos 'n duiker voor my uit oor die klippe om te kyk waar die olifante is.

"Vandag vertrap hulle ons!" skree hy.

"Marius, wag vir my!" kerm ek.

Ons draf in 'n klofie af. Uitasem. Ek kry my asem terug en vee die trane af. My broer kyk my ernstig aan. "Ek dink ons is nou veilig," sê hy.

Hy knipoog vir my en glimlag breed en weereens besef ek dat hy vir my geflous het. Natuurlik is hier nie meer olifante nie. Die laaste olifante is seker meer as honderd jaar voor ons koms al uitgewis om plek te maak vir plase.

"Ek gaan vir Ma sê …"

*Platinum Afrikaans Huistaal*

J Biesenbach, A Engelbrecht, C Henning, A le Roux, W Louw, M Mihai
J van Lill, R van Oort, R van Rooy
Maskew Miller Longman (Edms) Bpk, 2012

**1 Storie: <u>Om die bos gelei</u>**

1.1 Hoe weet ons dat Marius oortuigend was toe hy vir sy broer met die olifante bang gemaak het? Bespreek dit en gee TWEE voorbeelde om jou stelling te staaf. (2)
1.2 Wie is die twee karakters in hierdie verhaal? (2)
1.3 Bespreek die ruimte van hierdie verhaal. (3)
1.4 Reken jy dat hierdie verhaal geloofwaardig is? Verskaf slegs EEN rede vir jou antwoord. (1)
1.5 Hoe hou die titel verband met die inhoud van hierdie verhaal? (1)
1.6 Hoe weet ons dat die chronologie in hierdie verhaal verbreek word ? Bespreek. (2)
1.7 Verskaf die rede waarom jy sou sê dat Marius sand oor die braaivleisvuurtjie geskop het toe hulle weghardloop. (1)
1.8 Watter les leer jy uit hierdie storie? (1)

**Totaal: (13)**

**2 Fabel: <u>Die visser en die klein vissie</u>**

Eendag vang 'n visser 'n klein vissie.

"In die sak met jou. Jy sal 'n sappige happie wees!" sê die visserman.

"Wat help dit tog om my te eet?" huil die vissie. "Ek is te klein. Jy sal my nie eens kan proe nie."

Die visser kyk die vissie aan. "Wel, ek is baie honger en jy lyk baie lekker."

Die vissie soebat verder: " Gooi my terug in die water sodat ek mooi groot kan word. Dan sal ek mos 'n baie beter vangs wees. Dalk kan jy my dan selfs vir baie geld verkoop."

"Maar wat moet ek dan vandag eet?" vra die visser.

"Wel, as al die vissers die klein vissies teruggooi in die water, word alle klein vissies groot visse. As jy my nou in jou sak gooi, sal jy nog baie ander vissies soos ek moet vang voordat jy genoeg sal hê," smeek die vissie. "Jy kan mos dan nou net sowel dieselfde tyd gebruik om net een groot, vet vis te vang, nie waar nie?" Die vissie glimlag die mooiste glimlag.

Die visser loer deur skrefie-oë na die vissie.

"Sappige vissie, jy het my oortuig. Terug in die water met jou!"

Terwyl hy later huis toe stap, dink hy: "Wie laaste lag, lag die lekkerste. Oor 'n klein rukkie vang ek daardie klein vissie weer en eet hom baie vinnig op."

"Slim vang sy baas," lag die vissie terwyl hy blitsvinnig wegswem.

2.1 Bespreek die <u>ruimte</u> in hierdie fabel. (1)
2.2 Hoe hou die titel verband met die inhoud van hierdie fabel? (1)
2.3 Noem EEN <u>karakter</u>. (1)
2.4 Reken jy dat hierdie fabel <u>geloofwaardig</u> is? Verskaf EEN rede vir jou antwoord. (1)
2.5 Wat verstaan jy onder die uitdrukking: "Jy sal 'n sappige happie wees"? (1)
2.6 Verskaf die <u>eintlike rede</u> waarom die vissie wou hê dat die visser hom moes teruggooi. (1)
2.7 Hoe weet ons dat die vissie die visser oortuig het? (1)
2.8 Watter <u>morele les</u> leer jy uit die hierdie fabel? (1)

**Totaal: (8)**

**3 Die informatiewe teks : <u>Renosters word bedreig</u>**

<u>Wilddiewe</u>

Wilddiewe het in die laaste paar jaar 'n baie groot probleem geraak. In 2011 is daar 434 renosters doodgemaak. Die meeste daarvan het in ons eie wildtuine gebeur waar ons hulle probeer bewaar het.

<u>Amper uitgewis</u>

Ongeveer honderd jaar gelede het jagters begin om hulle te jag. Dit het veroorsaak dat daar in 1895 slegs een honderd renosters in die natuur oorgebly het. Ons land se wildtuine het daaraan begin werk om die renosters te bewaar. Ongelukkig wil dit lyk of al die harde werk verniet was.

<u>Uitvoer na die Ooste</u>

Die wilddiewe verkoop die renosterhorings aan mense in Asië wat glo die horings het medisinale waarde. Hulle kry duisende rande vir een renosterhoring.

*Almal Verstaan Afrikaans*
W Mentz
Macmillan Suid-Afrika (Edms) Bpk, 2012

3.1 Lees die inhoud onder die tweede subopskrif. Waarom sou jy sê dat nie <u>al</u> die renosters uitgeroei is nie? (1)

3.2 Waarom sou jy sê dat al die harde werk om die renosters in die wildtuine te bewaar, nie heeltemal suksesvol was nie? (1)

3.3 Verskaf die rede waarom die Asiërs die renosterhorings koop. (1)

3.4 Watter karaktereienskap van die wilddiewe kom duidelik na vore by die uitroei van renosters? (1)

**Totaal: (4)**

**GROOTTOTAAL: 25**

**Graad 4** **Junie 2020**

**Vraestel 2** **Afdeling B** **Taalstrukture en -konvensies**

In die Krugerwildtuin

1 Werner en Siseko woon in ‘n privaatkamp in die Krugerwildtuin. Albei se pa’s is veldwagters. Die seuns gaan skool in Skukuza. Naweke mag hulle saam met hulle pa’s op hul rondtes in die veld rondry.

2 Saterdagmiddag roep Werner se pa hulle. Hulle gaan te voet na een van die rivierpoele stap. Werner en Siseko is ‘n bietjie bang, maar tog ook opgewonde. Hulle sal versigtig moet wees. Enige dier kan in die lang gras op die rivieroewer wegkruip.

3 Hulle hoor ‘n geproes en ‘n geblaas by die rivier. Dit is beslis seekoeie. Toe hulle by die rivierbedding kom, sien hulle ‘n spoor in die sand – ‘n baie groot spoor. Hulle wonder watter dier se spoor dit is. Dit is ‘n leeuspoor! Skielik hoor hul ‘n onaardse gebrul in die lang gras. Die seuns is wit geskrik. Wat nou?

1 Gee die sinoniem vir die onderstreepte woord in reël 9 paragraaf 3. (1)

2 Gee die homoniem vir die onderstreepte woord in reël 6 en gebruik dan hierdie homoniem as ‘n selfstandige naamwoord in ‘n sin van jou eie. (1)

3 Gee die homofoon vir die onderstreepte woord in reël 4 en gebruik dan hierdie homofoon as ‘n werkwoord in ‘n sin van jou eie. (1)

4 Verbind die onderstaande twee sinne deur van die voegwoord tussen hakies gebruik te maak.

*Siseko en Werner is skrikkerig. Siseko en Werner het die gebrul van ‘n leeu gehoor. (aangesien)* (1)

5 Dui die bywoord van tyd in reël 4 aan. (1)

6 Brei die onderstaande enkelvoudige sin met ‘n bywoordelike sinsnede van plek uit.

*Die seuns stap.* (1)

7 Dui die saamgestelde sin in paragraaf 3 aan. (1)

8 Dui die voorwerp in die reël 8 aan. (1)

9 Dui die gesegde in die onderstaande sin aan.

*Werner en Siseko het hulle boeglam geskrik*. (1)

10 Skryf die onderstreepte sin in reël 7 in die ontkennende vorm. (1)

11 Skryf die samestelling in reël 2 neer. (1)

12 Skryf die onderstaande sin oor in die indirekte rede.

*Werner vra vir Siseko: "Is jy nie bang vir die leeu wat ons hoor brul het nie?"* (1)

13 Dui enige onderwerp in reël 5 aan. (1)

14 Vorm ‘n afgeleide bywoord van die onderstreepte woord in die onderstaande sin.

*Die leeus kom elke dag watergate toe om water te drink.* (1)

15 Skryf die onderstaande sin op jou antwoordstel neer, maar gee die antoniem vir die onderstreepte woord.

*Skielik hoor hulle ‘n onaardse gebrul tussen die lang gras.* (1)

**<u>Memorandum</u>** **<u>Junie 2020</u>**

**<u>Graad 4</u>** **<u>Vraestel 1</u>** **<u>Afdeling B</u>**

1 Hulle was hartseer omdat hulle hulle werk verloor het. (1)
2.1 Nakkie, die nar.
2.2 Hardy Harlekyn.
2.3 Hannes Hanswors. (3)
3.1 Hulle was onselfsugtig, aangesien hulle vir Hannes Hanswors voorkeur gegee het om die kinderpasiëntjies in die hospitaal te vermaak.
3.2 Hulle het nie gou tou opgegooi nie, maar was oortuig dat daar iewers ook vir hulle 'n werk sal wees. (2)
4.1 In die hospitaal.
4.2 In die dorp.
4.3 By die partytjie. **(slegs 2**) (2)
5 Nee. Hulle word nie eers tyd gegun om vir hulle 'n ander werk te soek nie. (**enige aanvaarbare antwoord)** (1)
6 Daar was nie meer genoeg geld om die harlekyne te betaal nie. (1)
7 Hulle was moedeloos / mismoedig / hartseer / verwese. (**enige aanvaarbare antwoord**) (1)
8 Blydskap en tevredenheid. (1)
9 Moet nooit onregverdig wees nie. /
Moet nooit aan iemand anders doen wat jy nie aan jouself gedoen wil hê nie. /
Wees altyd onselfsugtig. / Tree altyd onselfsugtig op. /
Moenie sommer moedeloos word nie. (**slegs EEN**) (1)
10.1 Die moontlikheid dat daar te veel werkers en te min werk is.
10.2 Daar kan voortaan net die basiese gekoop word. / Hulle mag minderwaardig teenoor ander voel. (**enige aanvaarbare antwoorde in beide 10.1 en 10.2.)** (2)

**Totaal:** **15**

**<u>Memorandum</u>** **<u>Junie 2020</u>**

**<u>Graad 4</u>** **<u>Vraestel 2</u>** **<u>Afdeleing A</u>**

**1 Storie: <u>Om die bos gelei</u>**

1.1.1 Hy het sy kop skuins gedraai om beter te kon hoor en hom sodoende te oortuig dat hy iets hoor.
1.1.2 Hy het gefluister om hom te oortuig dat daar iets of iemand is wat hulle nie mag hoor nie. /
Sy oë was verskrik. /
Hy het die kampvuur so vinnig moontlik doodgemaak. /
Hy het hulle wors en broodjies so vinnig moontlik in sy rugsak gegooi. /
Sy broer het hom aan die arm gegryp om so vinnig moontlik weg te kom. **(slegs TWEE)** (2)

1.2.1 Stoffel 1.2.2 Marius (2)
1.3.1 Op die plaas. 1.3.2 By die Elandrivier.
1.3.3 Tussen die rante. (3)

1.4 Ja. Jy kan langs 'n rivier vleis braai. (**enige aanvaarbare antwoord)** (1)
1.5 Marius het sy broer <u>om die bos gelei</u>. (1)

1.6.1 Terwyl hulle aan't vlug is, dink Stoffel daaraan hoe sy ma die oggend vir hulle broodrolletjies en 'n stukkie wors ingepak het.
1.6.2 Terwyl hy besef dat sy broer hom vandag weereens geflous het, dink hy daaraan terug dat die olifante al jare gelede uitgewis is om plek te maak vir plase. (2)

1.7 Om 'n veldbrand te voorkom. (1)
1.8 Moenie liggelowig wees nie. Partykeer kan dit jou selfs in die moeilikheid laat beland. **(enige aanvaarbare antwoord)** (1)

**Totaal:** **13**

**2 Fabel: <u>Die visser en die klein vissie</u>**

2.1 Op die rotse / op die visserboot / in die see / op die strand / langs die rivier **(enige antwoord is aanvaarbaar)** (1)
2.2 Die gesprek tussen die visser en die klein vissie nadat die vissie gevang is. (1)
2.3 Die visser sou nie versadig gewees het nadat hy hom geëet het nie, aangesien hy nog te klein was. (1)
2.4 Nee. Visse kan nie praat nie. / **(enige aanvaarbare antwoord)**
Ja. 'n Visser kan 'n klein vissie in die water teruggooi. **(enige aanvaarbare antwoord)** (1)
2.5 Jy sal lekker smaak. (1)
2.6 Hy was bang en wou nie nou al sterf nie. (1)
2.7 Die visser het die vissie teruggegooi in die water. (1)
2.8 Moenie 'n leuen vertel net om jou uit die moeilikheid te kry nie. **(enige aanvaarbare antwoord)** (1)

**Totaal: 8**

**3 Die informatiewe teks : <u>Renosters word bedreig</u>**

3.1 Daar het 100 renosters in die natuur oorgebly. (1)
3.2 Aangesien die wilddiewe die renosters vir hul horings doodmaak en hierdie horings dan aan die Asiërs verkoop. (1)
3.3 Hulle glo dat die renosterhorings medisinale waarde het. (1)
3.4 Wreedheid. (1)

**Totaal: 4** **GROOTTOTAAL: 25**

**<u>Memorandum</u>** **<u>Junie 2020</u>**

**<u>Graad 4</u>** **<u>Vraestel 2</u>** **<u>Afdeling B</u>**

1 <u>Meteens</u> hoor hulle 'n onaardse gebrul tussen die lang gras. (1)
2 My ma gooi melk in die <u>kan</u>. **(enige aanvaarbare antwoord)** (1)
3 Die vrou <u>voed</u> haar baba. **(enige aanvaarbare antwoord)** (1)
4 Siseko en Werner is skrikkerig, aangesien hulle die gebrul van 'n leeu gehoor het. (1)
5 <u>Saterdagmiddag</u> roep Werner se pa hulle. (1)
6 Die seuns stap <u>in die veld</u>. **(enige aanvaarbare antwoord)** (1)
7 Toe hulle by die rivierbedding kom, sien hulle 'n spoor in die sand – 'n baie groot spoor. (1)
8 Hulle sien <u>'n spoor</u> in die sand. (1)
9 Werner en Siseko <u>het</u> hulle boeglam <u>geskrik</u>. (1)
10 Dit is beslis nie seekoeie nie. (1)
11 Veldwagters. (1)
12 Werner vra vir Siseko of hy nie bang vir die leeu is wat hulle hoor brul het nie. (1)
13 <u>Werner en Siseko</u> is 'n bietjie bang, maar tog ook opgewonde. /
<u>Hulle</u> sal versigtig moet wees. **(albei die antwoorde is aanvaarbaar)** (1)
14 Die leeus kom <u>daagliks</u> watergate toe om water te drink. (1)
15 Skielik hoor hul 'n onaardse gebrul tussen die <u>kort</u> gras. (1)

**Totaal: 15**

**Graad 4** **Vraestel 3** **Junie 2020**

**Skryf 'n fabel van 120–140 woorde oor EEN van die onderstaande onderwerpe:**

Jakkals bak vir Wolf 'n poets.
Kat lei vir Muis om die bos.
Die ongenaakbare reus en die diere in die woud.
Haas daag vir Jakkals uit om ….
'n Moderne weergawe van Rooikappie
Waarom Kraai se snawel so krom is.
Voël en Erdwurm gaan 'n weddenskap aan.
Hoekom Papegaai sy adres verander het.

Rubriek

| | |
|---|---|
| Inhoud en onderwerpgebonde: | 1 2 3 4 5 |
| Inleidende en slotparagraaf: | 1 2 3 4 5 |
| Taalgebruik, idiome, woordeskat, punktuasie en spelling: | 1 2 3 4 5 |
| Beplanning, paragrafering en skryfstyl: | 1 2 3 4 5 |

**Totaal:** **20**

**OF**

**Skryf 'n opstel van 100–120 woorde oor EEN van die onderstaande onderwerpe:**

Ek bak vir my broer/suster 'n poets.
Ek en my neef draai stokkies.
'n Onvergeetlike naweek op die plaas.

Rubriek

| | |
|---|---|
| Inhoud en onderwerpgebonde: | 1 2 3 4 5 |
| Inleidende en slotparagraaf: | 1 2 3 4 5 |
| Taalgebruik, idiome, woordeskat, punktuasie en spelling: | 1 2 3 4 5 |
| Beplanning, paragrafering en skryfstyl: | 1 2 3 4 5 |

**Totaal:** **20**

**EN**

**Skryf 'n instruksieteks van 30–40 woorde oor EEN van die onderstaande take:**

Hoe om koffie te maak.
Hoe om vleis te braai.
Hoe om 'n vis te vang.
Hoe om 'n tafel te dek.
Hoe om 'n slaai te maak.

Rubriek

| | |
|---|---|
| Uitleg en chronologiese volgorde van opdragte: | 1 2 3 4 5 |
| Taalgebruik, spelling en punktuasie: | 1 2 3 4 5 |

**Totaal:** **10**

**GROOTTOTAAL:** **30**